

5 Oktober

Ek bid vir herstel, maar die Here doen niks

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:8 en 9

Paulus sê nie hier wat die doring in sy vlees was nie. As 'n mens egter die lyding wat hy verduur het met Galasiërs 4:13 e.v. (asook Gal 6:11 en Hand 23:5) in verband bring, kan jy moontlik met verklaarders saamstem wat meen dat hy 'n ernstige, chroniese oogsiekte gehad het. Dit kon van hom in 'n sekere sin 'n gestremde gemaak het.

Paulus sê dat hy volledig gebid het om van hierdie lyding verlos te word, maar dit het nie gebeur nie. Volgens verse 6 en 7 het hy egter wel tot die insig gekom dat die Here 'n doel met hierdie "doring in sy vlees" gehad het. Sy lyding was beslis nie sinloos nie. Dit was vir hom 'n voortdurende herinnering aan God se krag en genade wat in hom gewerk het. Die Here het vir hom gesê: "My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

Net soos in Paulus se geval, wil die Here hê dat sy krag in ons lewens geopenbaar moet word. Ons is mos geskep om sy beeld te wees. Hoewel ons elkeen as gevolg van die sondeval tot 'n mindere of meerdere mate gestremd gelaat is, sien 'n mens die ellende en lyding wat die sondeval tot gevolg het soveel duideliker in 'n gestremde persoon se lewe.

Dit is juis in hierdie swakheid, wat die gestremde so intens beleef, waar God se krag en genade geopenbaar moet word. Dit gebeur wanneer die gestremde sowel as sy/haar gesin in opregte geloof aan ons Verlosser en Saligmaker Jesus Christus vasgryp. Dan kan so 'n gesin ook getuig: "Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees."

Sing: Psalm 73:1 & 11 (1936-beryming)

Ds. Danie de Kock (Krokodilrivier)